Gimmie Griffie

16 Maart 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 9***

GEAGTE OUERS

Sterkte vir die PUK-reeks-wedstryde wat die naweek teen HTS Witbank (weg) plaasvind.

Die skool sluit Woensdag 28 Maart om 10:30. Ons versoek asseblief dat ouers hulle reëlings so tref dat kinders teenwoordig is. Onthou dat vakansie-reëlings nie 'n verskoning is om toetse te mis nie. Ons kan ook nie vir leerlinge op ander tye hulle toetse laat skryf nie.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 20 Maart
Seunshokkie: A-spanne en 2des (Grey Kollege)
Ensemble-oefening

Woensdag 21 Maart
MENSEREGTEDAG
Seunshokkie: A-spanne en 2des (Grey Kollege)
Toneeloefening

Donderdag 22 Maart
Atletiek: SA-skolekampioenskappe

Vrydag 23 Maart
PUK-reeks (kleinersportsoorte): Montana (tuis)
Atletiek: SA-skolekampioenskappe

Saterdag 24 Maart
PUK-reeks: Montana (tuis)
Atletiek: SA-skolekampioenskappe
Seunshokkie: Affies

WINTERSPORTPROGRAM

Vrydag 16 Maart vs. HTS Witbank (weg)

Seunshokkie

Tyd	Astro	Grasveld
14:30	o/16A	o/14
15:30	1ste	o/16B

Saterdag 17 Maart vs. HTS Witbank (weg)

Rugby

Tyd	A-veld	Tyd	B-veld
09:00	o/14 A	09:00	3de
10:00	o/15 A	10:00	o/16 B
11:00	2de	11:00	o/14 B
12:15	o/16 A	12:00	o/15 B
13:25	1ste		

Netbal

Tyd	Baan 1	Baan 2	Baan 3	Baan 4
09:00		o/17B	o/15B	o/14A
09:40		o/17A	o/16A	o/14B
10:10		o/19B	o/16B	o/15A
11:00	1ste			

Dogtershokkie

Tyd	A-veld	B
09:00	o/15A	o/15B
10:00	o/16A	o/16B
11:00	1ste	2de
12:00	o/14A	o/14B

WINTERSPORT

Gimmies het die PUK-reeks op 'n hoë noot begin toe die eerste rugbyspan met 50-0 teen Oosterlig gewen het. Die wedstryd is net na rustyd gestop as gevolg van die kompetisiereël wat bepaal dat, sodra die punteverskil 50 bereik, die eindfluitjie geblaas word. Rustyd was Gimmies reeds met 45-0 voor. Gimmies se drieë is gedruk deur: Johatt Batsietseng (x2), Jarno Neveling (x2), JP de Lange, Dirkie Louw, Keenan Twigg en Christian v Aswegen. Frank-Lee Jackson was met vyf doelskoppe in die kol.

Die ander uitslae was soos volg:

Rugby
o/14A wen 31-0
o/14B verloor 0-26
o/15A wen 17-5
o/15B verloor 5-20
o/16A wen 19-7
o/16B wen 36-7
2de wen 47-10
3de wen 45-3
4de Gimmies kry punte

Netbal
o/14A wen 12-9
o/14B verloor 6-8
o/15A wen 24-5
o/15B wen 13-10
o/16A wen 23-13
o/16B wen 28-16
o/17A wen 20-8
o/17B wen 22-9
1ste wen 44-13
2de wen 27-7

Dogtershokkie
o/14A wen 3-0
o/14B gelykop 0-0
o/15A wen 1-0
o/15B Gimmies kry punte
o/16A wen 2-0
o/16B wen 1-0
1ste wen 12-0
2de wen 3-0

Tennis
Seniors wen 32-28
Juniors wen 46-9
Die res van die wedstryde het uitgereën.

Skaak
Juniors wen 4-1
Seniors wen 3.5-1.5

Seunshokkie
o/16 wen 17-0
1ste wen 12-0

ATLETIEK

Gimmies spog vanjaar met drie en twintig atlete wat Noordwes tydens die SA-skole-kampioenskappe op tuisbodem gaan verteenwoordig: Miandi van Staden, Danielle Verster, Lienge Lamprecht, Liandri van der Westhuizen, Nadine Naudé, Jonette Labuschagne, Anika van der Westhuizen, Elri Prinsloo, Elmari Naudé, Riandi Boshoff, Simphiwe Mkhwanazi, Phemelo Molale, Wiane Joubert, Donevan du Toit, Alex de Waal,

Marthinus du Preez, Johan Stadler, Jacques Botha, Sunel Smit, Wihan van der Merwe, Abrie Kruger, Karmen Fouché en Lumka Gebengana.

Die volgende atlete is in die ACNW-span wat aan die SA-kampioenskappe in die Paarl gaan deelneem: Lienge Lamprecht, Nardus Swart, Jonette Labuschagne, Miandi van Staden, Abrie Kruger, Marthinus du Preez, Johan Stadler, Simphiwe Mkhwanazi en Alex de Waal.

TENNIS

Die senior- en juniorspan het die afgelope naweek by Sun City aan die *Menlo Mixit* tennistoernooi deelgeneem. Beide spanne het in hul onderskeie afdelings vierde geëindig. Menlopark het die senior-toernooi gewen met Nelspruit en Linden onderskeidelik tweede en derde. Die junior-toernooi is deur Paarl *Boys High* en Bloemhof gewen met Menlo A tweede en Nelspruit derde.

Die spelers het hulle baie goed van hul taak gekwyt en goeie spel gelewer. Baie dankie vir die ouers wat ons kom ondersteun het.

SEUNSHOKKIE

Streekproewe vind op Maandag 19 Maart plaas.
Noordwes-proewe is Sondag 25 Maart op die Astro.

Grey Kollege wedstryde
Bus vertrek Dinsdag 20 Maart om 14:00 vanaf Brandwagkoshuis met o/14A, o/16A-, 2de- en 1ste span.

Wedstryde

20 Maart	19:00 1ste
21 Maart	08:00 o/14A
21 Maart	09:00 o/16A
21 Maart	10:15 2de

Bus keer terug en sal ±15:30 by Brandwag-seunskoshuis wees.

Wedstryde teen Montana op 23 Maart
15:00 o/16A
16:00 1ste span

Affies-wedstryde op 24 Maart

Astro A
12:30 Ferdies 1ste vs. AHS 3de
13:30 Gim 2de vs. AHS 4de
14:30 Gim o/16A vs. AHS o/16A
15:30 Curro 1ste vs. AHS 2de
16:30 Gim 1ste vs. AHS 1ste

Astro B
12:30 MR o/13A vs. AHS o/14D
13:20 Gim o/14B vs. AHS o/14C
14:10 Curro o/14A vs. AHS o/14B
15:00 Gim o/14A vs. AHS o/14A
15:50 Gim o/16B vs. AHS o/16C
16:40 Ferdies o/16A vs. AHS o/16D
17:30 Curro o/16A vs. AHS o/16B

SKAAK

Baie geluk aan die volgende spelers wat op Saterdag 10 Maart aan die skaaktoernooi by die Hervormde Kerk, Die Wilge deelgeneem het:
A-afdeling: Niel Bekker (6de)
B-afdeling: Juan-Naudé Aslett (15de)

ONDERWATERHOKKIE

Tydens die junior nasionale onderwaterhokkiekampioenskappe het Hardus Henning goud vir seuns o/19 *Vin Swim* 50m *apnea,* brons in die aflosspan seuns o/19 en 'n verdere brons in die junior nasionale NW-span behaal. Baie geluk, Hardus.

STUDENTEKAMERS

Daar is studentekamers (slegs dames) teen R3600 per maand beskikbaar. Belangstellendes kan mnr. Johan Benson (koshuisvader) kontak. Dit is loopafstand van die universiteit en sluit alle etes in.

TE KOOP

3 x Ringnekbroeipare; geel- en reënboog-kleure; R400 per paar.
Kontak: Jan van Eck by 082 9259 854